

**24 Desember**

**Lukas 5:34,35; Openbaring 19:9**

***Kersfees begin ons ewige bruilof***

Desember is in ons land tradisioneel Kers- en troutyd. Maar besef u dat Kersfees INDERDAAD jou ewige bruilofsfees saam met Jesus Christus begin het?

Ja, dié fees is wel tans tydelik onderbreek deur sy dood en weggaan na sy Vader in die hemel, maar dit hervat vir ewig met sy tweede koms, wanneer Hy sy bruid - jy en elke gelowige - finaal kom haal.

Hierdie tydelike onderbreking is vastyd. Die tyd waarin ons sug onder ons gebrokenheid: ons kruppel huwelike, kommer oor ons kinders, stres en vrese. Ons skrik so van die geweld in ons land, juis nou: wilde rooftogte, wrede moorde, kindermishandeling. Angs gryp ons aan die hart as ons begin somme maak oor werkloosheid, bevolkingsaanwas, HIV-positiewes, staatskuld, korrupsie, agterstraat-aborsies.

Waar gaan alles eindig? - roep ons dikwels radeloos.

Dan voel ons jaloers op Jesus se ou bruilofsgaste: die skaapwagters, die 12 dissipels, sy moeder, sy vriend Lasarus. Fisies saam met Hom, elke dag. Hulle het aan Hom geraak, saam met Hom geëet, na sy wonderwoorde geluister... 'n Egte bruilofsfees!

Maar moenie terugverlang nie. Daardie begin van die bruilof was vir ons Bruidegom vernederend. Sy eie mense, die einste bruilofsgaste, het Hom verloën, verraai, verlaat. Dit móés so gebeur, soos u weet.

Kyk gerus deur die geloofsteleskoop na Betlehem, maar draai dit dan om en fokus, vorentoe - op die nuwe aarde, waar ons Bruidegom saam met sy gaste feesvier, volmaak en vir altyd. En glo gerus: Jy is 'n GENOOIDE na daardie bruilofsfees.

Dit is waar alles gaan eindig na hierdie vastyd.

Sing: Psalm 45:9, 10

Ds. J. Botha (Laeveld)